

miese tydskrif moet word, sal dit moontlik nog groter belangstelling wek indien dieselfde tema uit verskillende hoeke benader word. Dit mag selfs waardevol wees om soms lesers se kommentaar (kritiek) te verneem op artikels wat reeds gepubliseer is.¹⁶ Daardeur kan die streekhistoriese debat lewendig gehou en die vakgebied gedien word.

Die afgelope dekade is slegs twee uitgawes aan min of meer 'n enkele tema gewy.¹⁷ In die toekoms sou dit goed wees as meer sulke "spesiale uitgawes" die lig sien — veral indien meer as een medewerker 'n spesifieke onderwerp indringend bespreek. Feesuitgawes om saam te val met die honderdjarige bestaan van dorpe of stede verdien ook oorweging, mits toepaslike hydraes natuurlik ontvang word.

Tien jaar lank slaag die redaksie reeds daarin om streekgeskiedenis op 'n aantreklike dog wetenskaplike wyse aan 'n breë leserskring oor te dra. Daarbenewens bied die tydskrif geleentheid aan professionele historici en ander belangstellendes wat hulle met plaaslike en streekgeskiedenis besig hou, om hul navorsing wyer bekend te stel. *Contree* kan egter nooit 'n doel op sigself wees nie — dit moet gelees, bestudeer en gebruik word om belangstelling in streekgeskiedenis én algemene geskiedenis te kweek of aan te wakker.

Die volgende dekade sal die toets wees vir *Contree* se aanpasbaarheid in 'n snel veranderende wêreld. □

¹⁶ Dit mag nuttig wees om van tyd tot tyd selfs vraelyste aan lesers te stuur om hul mening te toets oor sake soos die soort artikels wat hulle verkies of die algemene voorkoms, inhoud en omvang van die tydskrif.

¹⁷ *Contree* 10, Julie 1981 (vier artikels waarin verskillende aspekte van selfregering op plaaslike vlak bespreek word) en *Contree* 20, Julie 1986 (twee artikels oor Johannesburg in die pioniersjare ter viering van dié stad se honderdste bestaansjaar).

BOEKBESPREKINGS/ BOOK REVIEWS



M.S. APPELGRYN. *Johannesburg: ontstaan en eerste bestuursreëlings 1886-1899*. Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria, 1984. 152 pp. Geïll. R22,00 (eksklusief). ISBN 0 86981 306 4.

Hoewel baie skrywers al hul hand aan die geskiedenis van Johannesburg gewaag het, het min dit wetenskaplik aangepak en daarom is hierdie werk so belangrik; daarby is dit 'n tydigte studie, juis in Johannesburg se eeufeesjaar en dit skuif die newels opsy wat die plaaslike bestuur van die Goudstad gedurende die eerste veertien jaar van sy bestaan omhul het.

Die skrywer, 'n senior dosent in Geskiedenis aan UNISA, slaag uitmuntend daarin om 'n omvattende beeld van die vroeë plaaslike bestuur van Johannesburg te gee. Hy neem wel kennis van ander skrywers oor hierdie tema, verleen erkenning waar hy bevestiging vind vir hul standpunte maar skroom ook nie om hulle soms verkeerd te bewys nie. Voordat hy die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Johannesburg bespreek, gee Appelgryn aandag aan drie belangrike vrae, naamlik watter soort plaaslike bestuur was daar in die ZAR ten tyde van die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886, wie het eintlik die goud ontdek en waar kom die naam *Johannesburg* vandaan?

Oor die kwessie wie as die *ware* ontdekker van die hoofrif beskou moet word, het die skrywer 'n deeglike studie gemaak. Hy ontleed die aansprake wat verskillende skrywers ten gunste van George Harrison, George Walker, Louis Oosthuizen, Koos Ackerman en Fred Struben maak en kom tot die slotsom dat George Harrison die erkenning moet kry as die enigste ontdekker van die hoofrif van die Witwatersrand en wêl op die plaas Kliprivier, eiendom van Gert Oosthuizen.

Die naamgewing van die Goudstad is eweneens 'n omstrede saak en word vervolgens behandel. Appelgryn haal verskeie amptelike dokumente aan wat onlangs eers aan die lig gekom het en alle twyfel hieroor uit die weg ruim. Volgens hierdie getuienis is Johannesburg in opdrag van die regering vernoem na Christiaan Johannes Joubert en Johann F.B. Rissik, die twee lede van die kommissie wat die Witwatersrandse goudveld geïn-

spekteer het en aanbevelings vir die stigting van 'n nuwe dorpsgebied moes doen.

Appelgryn gee 'n duidelike uiteensetting van die ontstaan van die eerste Delwerskomitee wat ingevolge die Goudwet van 1885 vir plaaslike bestuursaangeleenthede verantwoordelik was. Aandag word voorts gegee aan die legio probleme waarmee die eerste amptenare geworstel het — veral die tekort aan geld — asook die regering se aanvanklike weiering om munisipale status aan die gouddorp toe te ken.

Toe die sogenoemde Gesondheidskomitee in November 1887 in die lewe geroep is om die higiëniese toestand van die delwersgemeenskap te hanteer, het die Delwerskomitee nie dadelik opgehou funksioneer nie maar eers later 'n natuurlike dood gesterf. Ten spyte daarvan dat die Gesondheidskomitee groter bevoegdheid gehad het en eiendomsbelasting kon hef, het dit nie die mas opgekom nie. 'n Verdere faktor wat die doeltreffende funksionering van hierdie komitee gekortwiek het, was die taalprobleem: die meeste Johannesburgers was Engelsspreekend en hulle het die voortou in plaaslike bestuur geneem. Dit het die Transvaalse burgers laat voel dat hul taal afgeskeep word en pres. Paul Kruger self het daarop gewys dat Hollands as amptelike taal gebesig moes word.

Op 19 November 1890 is 'n nuwe Gesondheidskomitee ingesweer; dit was egter ook spoedig in 'n finansiële krisis en kon nie sy pligte behoorlik nakom nie. Klagtes teen lede van hierdie komitee het die regering verplig om ondersoek te laat instel. Die kommissie van ondersoek het aanbeveel dat die owerheid self die bestuur moes oorneem of 'n volwaardige stadsraad vir Johannesburg goedkeur.

In Augustus 1892 het die regering 'n nuwe stadsraadswet uitgevaardig. Op 'n openbare vergadering dieselfde maand het die aanwesiges die nuwe wet egter onaantvaarbaar gevind weens die beperkings op die stemreg van belastingbetalers en omdat die burgemeester as staatsampenaar besoldig sou word. Opruiende kritiek is ook teen die regering uitgespreek vir sy swak behandeling van die Gesondheidskomitee, hoë belasting op die mynindustrie, gebrekkige polisiebeskerming en onderwys. Hierdie vergadering het gelei tot die stigting van die *Transvaal National Union* wat 'n direkte uitvloeisel was van die regering se weiering om 'n onafhanklike stadsraad vir Johannesburg goed te keur. Dit het ook bygedra tot die politieke bewuswording van die Uitlanders.

Na die Jameson-inval het die regering besef dat groter munisipale seggenskap vir Johannesburg nie langer uitgestel kon word nie. In Januarie 1896 is dit dus by wyse van 'n proklamasie gedoen en die eerste burgemeester, J.C. de Villiers, is luisterryk ontvang. Die Goudstad met sy eie stadsraad sou voortaan op gelyke voet met ander stede in Suid-Afrika verkeer.

Die nuwe plaaslike owerheid het ook steeds geldelike probleme ondervind en was in 'n benarde posisie toe die republikeinse regering tot 'n val gekom het. Die Raad moes sy werksaamhede staak en die laaste vergadering is op 11 Mei 1900 gehou. Kort daarna is die stad deur Britse troepe beset en het die tydperk van plaaslike bestuur in die ZAR tot 'n einde gekom.

Hierdie studie beïndruk veral weens die logiese beredenerings en dokumentêre stawings. Die bronnelys is imponerend en dek 'n wye spektrum. Met so 'n werk is daar altyd die gevaar van fragmentering, dog Appelgryn slaag besonder goed daarin om die verskeidenheid aktiwiteite van 'n plaaslike bestuur knaphandig saam te vat en in 'n sintese op te bou. Hoewel wetenskaplik nagevors en aangebied, sal die gewone leser die werk beoënd vind veral ook vanweë die duidelike en ongekompliseerde styl. Hierdie is beslis 'n heerlike en positiewe verryking van ons kennis van die geskiedenis van die Rand sover dit plaaslike bestuur betref.

Die hardeband boek is ryklik geïllustreer met foto's van Johannesburg uit die vorige eeu. Die onderskrif by die foto van Jan Eloff as sou hy die eerste *myndkommissaris* van Johannesburg wees, is blykbaar 'n fout omdat Eloff oorspronklik as *klerk* van die eerste mynkommissaris (Carl von Brandis) na Johannesburg gestuur is. Die werk bevat 'n nuttige en volledige register van name en plekke wat in die teks voorkom. 'n Aparte fotoregister sou die opspoor van persone, plekke of gebeure baie vergemaklik het; dit is ten slotte ook jammer dat daar geen aanduiding is waar die oorspronklike foto's berus nie. (*Aansienlik verkort* — *Red.*)

L.W.F. GRUNDLINGH
Randse Afrikaanse Universiteit



H. BORNMAN. *Carolina 1886-1986*. Stadsraad: Carolina, 1986. 72 pp. Geïll. Prys onvermeld. ISBN 0 620 09633 0.

Carolina is in 1886 tot dorpsgebied geproklameer en gevolglik het die outeur opdrag van die Stadsraad ontvang om 'n geleentheidspublikasie met die oog op die honderdjarige bestaan van die dorp (1986) saam te stel. 'n Soortgelyke plaaslike geskiedenis uit sy pen is in 1982 oor Vryburg gepubliseer.

Die werk is nie in hoofstukke verdeel nie maar bestaan uit 50 "afdelings" wat meestal slegs 'n greep uit die dorp se geskiedenis be-